



# SUMIPLEO®

Reg. No. / Nr. L8377 Act / Wet No. / Nr. 36 of / van 1947  
No. / Nr. N-AR 1236 : Act / Wet No. / Nr. 36 of / van 1947 (Namibia / Namibië)

<b>READ THE LABEL BEFORE USE AND READ ATTACHED PACKAGED LEAFLET BEFORE USE AND KEEP OUT OF REACH OF CHILDREN AND ANIMALS.</b>	<b>LEES DIE ETIKET VOOR GEBRUIK EN LEES AANGEHEGDE VOUBILJET VOOR GEBRUIK EN HOU BUIITE BEREIK VAN KINDERS EN DIERE.</b>
---	--

<b>INSECTICIDE GROUP CODE</b>	<b>UN</b>	<b>INSEKODERGRROEPKODE</b>
-------------------------------	-----------	----------------------------

An emulsifiable concentrate contact and stomach insecticide for the control of Lepidoptera larvae and Leaf Miners on potatoes and tomatoes, Diamond Back moth larvae in cruciferous crops, African Bollworm larvae in lettuce and Fall Armyworm in maize and sweetcorn.	'n Emulgeerbare konsentraat kontak- en maaginsekdoder vir die beheer van Lepidoptera larwes en Blaarmyners in tamaties en aartappels, Ruitrugmotlarwes in koolgewasse, Afrika Bolwurm larwes in blaarslaai en Herfs Kommandowurm in mielies en suikermielies.
---	---

**Hazard Statements:**

May be fatal if swallowed and enters airways (aspiration hazard).  
May cause allergic skin reaction  
Causes eye irritation.  
May cause drowsiness or dizziness.  
Very toxic to aquatic life with long lasting effects.

**DANGER / GEVAAR****Gevaarverklarings:**

Mag dodelik wees indien ingesluk en in lugweg beland (aspirasiegevaar).  
Mag allergiese velreaksie veroorsaak.  
Veroorsaak oogirritasie.  
Mag slaperigheid of duiseligheid veroorsaak.  
Baie giftig vir waterlewende organismes met langdurige gevolge.

**Precautionary Statements:**

Wear protective gloves, protective clothing, eye protection and face protection.  
Avoid breathing fumes, mist, vapours, or spray and if swallowed: Get emergency medical help immediately.

**Voorsorgverklarings:**

Dra beskermende handskoene, beskermende klere, oogbeskerming en gesigbeskerming.  
Vermy inaseming van walm, stuifsel, dampe of spuitstof en indien ingesluk: Kry onmiddellik mediese noodhulp.

**Active Ingredient / Aktiewe Bestanddeel****Pyridalyl dichloropropene-derivative****500 g/L****Pyridaliel dichloropropen derivaat**

Net volume

Netto volume

**REGISTRATION HOLDER / REGISTRASIEHOUER**

PHILAGRO SOUTH AFRICA (PTY) LTD / (EDMS) BPK  
REG NO 1998/010658/07 REG NR

POSTNET SUITE #378, PRIVATE BAG / PRIVAATSAK X025, LYNNWOOD RIDGE / RIF, 0040  
Tel: +27(0) 12 348 8808

**SUMIPLEO** is the registered trade mark / is die geregistreerde handelsmerk van  
Sumitomo Chemical Company, Tokyo, Japan

Batch No.

Lot Nr.

Date of Manufacture

Datum van Vervaardiging

--

UN No. / VN No. 3082

Emergency Numbers / Noodnommers:

Griffon Poison Information Centre: +27(0) 82 446 8946

Poisons Information Centre: +27(0) 86 155 5777

## WARNINGS:

### GHS Hazard Statements:

May be fatal if swallowed and enters airways (aspiration hazard).  
May cause allergic skin reaction.  
Causes eye irritation.  
May cause drowsiness or dizziness  
Very toxic to aquatic life with long lasting effects.

Handle with care.  
Keep out of reach of children, animals and uninformed persons.  
Store in a cool place away from food and feedstuffs.

## ALLOW THE FOLLOWING MINIMUM NUMBER OF DAYS BETWEEN THE LAST APPLICATION AND HARVESTING:

Potatoes	14 days
Tomatoes	3 days
Cruciferous Crops (Cabbage, Broccoli, Cauliflower & Brussel Sprouts)	7 days
Lettuce	3 days
Maize (green mealies, including sweetcorn)	10 days
Maize (grain)	42 days

Do not graze treated plant material or use as fodder.

**Re-entry interval:** Do not enter treated area until spray deposit has dried unless wearing protective clothing.

## DISCLAIMER:

Although this remedy has been extensively tested under a large variety of conditions, the registration holder does not warrant that it will be efficacious under all conditions, because the action and effect thereof may be affected by factors such as abnormal climatic and storage conditions, quality of dilution water, compatibility with other substances not indicated on the label and the occurrence of resistance of the insect against the remedy concerned as well as by the method, time and accuracy of application. The registration holder furthermore does not accept responsibility for damage to crops, vegetation, the environment or harm to man or animal or for lack of performance of the remedy concerned due to failure of the user to follow the label instructions or to the occurrence of conditions which could not have been foreseen in terms of the registration. Consult the supplier or registration holder in the event of any uncertainty.

## PRECAUTIONS:

### GHS Precautions

#### Prevention

Avoid breathing fumes, mist, vapours or spray.  
Use only outdoors or in a well-ventilated area.  
Contaminated work clothing should not be allowed out of the workplace.  
Avoid release to the environment.  
Wear protective gloves, protective clothing, eye protection and face protection.  
Wash hands and face thoroughly after handling. Do not touch eyes.

#### Response

Get medical help if you feel unwell and/or skin irritation or rash occurs.  
Do NOT induce vomiting.  
Collect spillage.  
IF SWALLOWED: Get emergency medical help immediately.  
IF ON SKIN: Wash with plenty of water under the safety shower.  
IF INHALED: Remove person to fresh air and keep comfortable for breathing.  
IF exposed or concerned: Get medical advice/attention.  
IF IN EYES: Rinse cautiously with water for several minutes. Remove contact lenses if present and easy to do so. Continue rinsing.

#### Storage

Store locked up in a well ventilated place. Keep container tightly closed.

#### Disposal

Dispose of contents or container to an approved waste disposal facility and in accordance with national regulations.

Do not eat, drink or smoke whilst mixing and applying or before washing hands and face.  
Avoid drift of spray onto other crops, grazing, rivers, dams and areas not under treatment.  
Prevent contamination of food, feedstuffs, eating utensils, drinking water, springs, dams and rivers.  
Clean spray equipment after use and dispose of wash water in a safe place.  
Invert empty container over the spray or mixing tank and allow to drain for at least 30 seconds after the flow has slowed down to a drip. Thereafter rinse the container three times with a volume of water equal to a minimum of 10 % of that of the container. Add the rinsings to the contents of the spray tank before destroying the container in the prescribed manner.

**RELEVANT SUBSTANCES:**

Hazardous Component	CAS Number	Weight - %	GHS Classification
Pyridalyl	179101-81-6	48%	Skin Sensitization, Category 1. STOT RE, Category 2. Aquatic Toxicity, Acute, Category 1. Aquatic Toxicity, Chronic, Category 1.
Calcium dodecylbenzenesulphonate	26264-06-2	<10%	Acute Toxicity, Oral, Category 4. Skin Corrosion/Irritation, Category 2. Serious Eye Damage/Irritation, Category 1. Aquatic Toxicity, Chronic, Category 4.
2-Ethylhexan-1-ol	104-76-7	<10%	Acute Toxicity, Inhalation, Category 4. Skin Corrosion/Irritation, Category 2. Serious Eye Damage/Irritation, Category 2. STOT SE, Category 3, Respiratory Tract.
Hydrocarbons, C10, aromatics, <1% naphthalene	None allocated	30 – 60%	STOT SE, Category 3, Central Nervous System. Aspiration Toxicity, Category 1. Aquatic Toxicity, Chronic, Category 2.

**NOTE:** The other ingredients not included above, do not cause or contribute towards the correct GHS classification of **SUMIPLEO** and is therefore, in terms of the South African Regulations for Hazardous Chemical Agents - 2021; Regulation 14(b), not listed.

**FIRST AID:**

<b>General Advice</b>	Immediately remove contaminated clothing and move the affected person from the contamination area. Keep the person warm, calm and covered up. First aid personnel should pay attention to their own safety. In case of accident or if unwell, seek medical advice. Provide the SDS and the label to medical personnel for treatment.
<b>Eye Contact</b>	Immediately rinse/flush the eyes gently with water from the eye wash fountain for several minutes (at least 15 minutes), while holding the eyelids apart. If relevant - remove contact lenses if easy to do so. Continue rinsing. Do not rub eye/s. Obtain medical attention in case of irritation or discomfort that persists.
<b>Skin Contact</b>	Immediately remove all contaminated clothing. Rinse the skin with plenty of cold water for 15 to 20 minutes under the safety shower. Do not rub the skin. Contact a poison control center or medical practitioner if irritation occurs and persists. Wash contaminated clothing before re-use.
<b>Inhalation</b>	Immediately remove the affected victim from exposure to an area with fresh air. If breathing is difficult have qualified personnel administer oxygen. If breathing has stopped, administer artificial respiration. Do not use mouth-to-mouth resuscitation if victim ingested or inhaled the product; induce artificial respiration with the aid of a pocket mask equipped with a one-way valve or other proper respiratory medical device. If the patient is conscious, rinse nose, mouth, and throat with water.
<b>Ingestion</b>	If swallowed, seek medical attention, and show the container label, or the Safety Data Sheet to the medical practitioner. If conscious, rinse mouth with water. Never give anything by mouth to an unconscious or convulsing person. Do not induce vomiting. If vomiting occurs, keep head low so that stomach content doesn't get into the lungs. Treat symptomatically and supportively. For advice, contact a Poisons Centre or a medical practitioner.

**Medical Advice**

No specific antidote. Symptomatic treatment and supportive therapy as indicated.

**RESISTANCE WARNING STATEMENT:**

**SUMIPLEO** is a group code UN insecticide. Any insect population may contain individuals naturally resistant to **SUMIPLEO** and other group code UN insecticides. The resistant individuals can eventually dominate the insect population if these insecticides are used repeatedly. These resistant insects may not be controlled by **SUMIPLEO** or any other group code UN insecticide.

**To delay insecticide resistance:**

- Avoid exclusive repeated use of insecticides from the same insecticide group code. Alternate or tank mix with products from different insecticide group codes.
- Integrate the control methods (chemical, cultural, biological) into insect control programmes.

For specific information on resistance management contact the registration holder of this product.

**DIRECTIONS FOR USE: USE ONLY AS DIRECTED**

**SUMIPLEO** is moderately slow-acting but target pests will stop feeding after 3 – 4 hours of coming into contact with **SUMIPLEO**. Because **SUMIPLEO** has no systemic activity, good coverage of all plant surfaces with the spray is essential to ensure efficacy.

Do not add a wetter or a sticker, as this may compromise the efficacy of **SUMIPLEO**.

**SUMIPLEO in an IPM programme:**

**SUMIPLEO** is well suited to an integrated pest management system. The product is virtually harmless to many predators and parasites of white flies, leaf miners, thrips, mites and lepidoptera.

Under normal field conditions, **SUMIPLEO** is considered to be virtually non-toxic to bees and earthworms.

**Compatibility:**

**SUMIPLEO** is compatible with DIPEL DF (L6441) and VILLA 51 (L8050) wetting agent. Since **SUMIPLEO** has not been fully tested in all sequences and combinations of sprays, it is not recommended to tank-mix with any other spray materials until greater experience has been obtained. Do not mix with fungicides. Consult your supplier for up-to-date information on compatibility.

**Mixing Instructions**

- **SHAKE CONTAINER WELL BEFORE USE.**
- Half fill the spray tank with clean water. Measure out the required quantity of **SUMIPLEO** and add to the water in the spray tank.
- Fill spray tank to the required volume with water. Maintain agitation during spraying.
- Use prepared spray mixture immediately.
- Do not allow to stand overnight.

**DOSAGE RATES:**

CROP AND PEST	DOSAGE / ha	REMARKS
<p><b>POTATOES</b>            Potato tuber moth larvae  <i>(Phthorimeae operculella)</i></p> <p>Tomato leaf miner larvae  <i>(Tuta absoluta)</i></p>	<p>200 mℓ</p>	<p>Apply as a full cover application in 500 – 1000 ℓ of water as soon as the pests are noticed or as a follow-up treatment in a spray programme.</p> <p>To obtain effective control, 2 to 4 applications should be made, with 7 – 10 day intervals between applications. To assist in the control of tuber moth and tomato leaf miner the potatoes should be ridged at least twice during the cropping season.</p> <p>A <b>SUMIPLEO</b> spray programme targeted against potato tuber moth and tomato leaf miner larvae will result in a reduction of Potato leaf miner (<i>Liriomyza huidobrensis</i>) and/or American leaf miner (<i>Liriomyza trifolii</i>) damage by 50 - 80% in potatoes.</p> <p>To reduce the potential for resistance development, <b>SUMIPLEO</b> should be applied in a spray programme that includes the use of other insecticides with a mode of action different to that of <b>SUMIPLEO</b>.</p>
<p><b>TOMATOES</b>            Africa bollworm larvae  <i>(Helicoverpa armigera)</i></p> <p>Tomato leaf miner larvae  <i>(Tuta absoluta)</i></p>	<p>250 mℓ</p> <p>250 – 300 mℓ</p>	<p>Apply as a full cover application in 500 – 1500 ℓ of water as soon as the pests are noticed, or as a follow-up treatment in a spray programme.</p> <p>To obtain effective control, 2 to maximum 4 applications should be made, with 7 – 10 days spray intervals between applications. Apply at least two consecutive applications of <b>SUMIPLEO</b> as part of the insecticide spray programme. Apply the lower dosage rate preventively and the higher dosage when the pest is present.</p> <p>A <b>SUMIPLEO</b> spray programme targeted against African bollworm and Tomato leaf miner larvae will result in a reduction of American leaf miner (<i>Liriomyza trifolii</i>) damage by 50 - 85% and of Tomato semi - looper (<i>Chrysodeixis acuta</i>) by 60 – 90% in tomatoes.</p> <p>To minimize the potential for resistance development of Tomato pests, <b>SUMIPLEO</b> should be applied in a spray programme, commencing with at least two consecutive <b>SUMIPLEO</b> block applications, followed by at least two consecutive <b>DIPEL DF</b> (L6441) block applications, applied at the registered dosage rate. Refer to the <b>DIPEL DF</b> (L6441) label for further details.</p> <p>Do not apply more than four <b>SUMIPLEO</b> applications per growing season. Should more applications be needed in order to obtain season long control of insect pests, alternative insecticides with a different mode of action to that of <b>SUMIPLEO</b> or <b>DIPEL DF</b> (L6441) should be applied.</p>
<p><b>CRUCIFEROUS CROPS            (CABBAGE,            CAULIFLOWER,            BROCCOLI &amp;            BRUSSELS SPROUTS)</b></p> <p>Diamond back moth larvae  <i>(Plutella xylostella)</i></p>	<p>200 mℓ</p>	<p>Apply as a full cover application in 500 – 1000 ℓ of water as soon as the pest is noticed, or as a follow-up spray in a spray programme.</p> <p>To obtain effective control, 2 to 4 applications should be made, with 7 – 10 days between applications.</p> <p>To minimize the potential for resistance development, <b>SUMIPLEO</b> should be applied in a spray programme that includes the use of other insecticides with a mode of action different to that of <b>SUMIPLEO</b>.</p>

CROP AND PEST	DOSAGE / ha	REMARKS
<b>LETTUCE</b> Africa bollworm larvae ( <i>Helicoverpa armigera</i> )	250 ml + 6 ml /hl VILLA 51  200 ml + 250 g <b>DIPEL DF</b> (L6441) + 6 ml/hl VILLA 51	<p>Apply as a full cover application in 200 – 500 l of water preventively, or as soon as moths are caught in traps, or when eggs or larvae are noticed on the plants. Ensure thorough spray coverage of the crop.</p> <p>To obtain effective control, 2 to maximum 4 applications should be made, with 7 – 10 day spray intervals between applications. Apply at least two consecutive applications of <b>SUMIPLEO</b> as part of the insecticide spray programme.</p> <p>To minimize the potential for resistance development, <b>SUMIPLEO</b> should be applied either in a tank mixture with <b>DIPEL DF</b> (L6441), or in a spray programme commencing with at least two consecutive <b>SUMIPLEO</b> applications, followed by at least two consecutive <b>DIPEL DF</b> (L6441) applications, applied at the registered dosage rate. Refer to the <b>DIPEL DF</b> (L6441) label for further details.</p> <p>Do not apply more than four <b>SUMIPLEO</b> applications per growing season. Should more applications be needed in order to obtain season long control of insect pests, other insecticides with a known mode of action that is different to that of <b>SUMIPLEO</b> or <b>DIPEL DF</b> (L6441) should be applied.</p>
<b>MAIZE (including Sweetcorn)</b> Fall Armyworm larvae ( <i>Spodoptera frugiperda</i> )	300 ml/ha	<p>Apply <b>SUMIPLEO</b> as a full cover application in minimum of 200 - 300 l water /ha. Apply as soon as the pests are noticed in presence of either eggs or small larvae (<math>\leq 1</math> cm), or when no more than 5 % of plants exhibit feeding damage, or as a follow-up treatment in a spray programme.</p> <p>Follow the application window recommendation principle as described in the latest edition of the "<b>Integrated Pest Management (IPM) &amp; Insect Resistance Management (IRM) for Fall Armyworm in South Africa</b>" document published by the Insecticide resistance action committee (IRAC).</p> <p><b>To obtain optimum control repeat SUMIPLEO treatment against fall army worm within 7 - 10 days post initial application in non-BT maize. DO NOT exceed a maximum spray interval of 7 days in SWEETCORN.</b> Under low fall armyworm pest pressure on BT maize, the spray interval between two back-to-back <b>SUMIPLEO</b> applications may be stretched to maximum 14 days.</p> <p><b>Do not apply more than two SUMIPLEO applications per growing season.</b> Under continuous re-infestation of fall army worm and to minimize the potential for resistance development, <b>SUMIPLEO</b> is recommended in a spray programme with other registered insecticides with a different mode of action, which are effective against fall army worm.</p>

**ACKNOWLEDGEMENT OF TRADE MARKS:**

**SUMIPLEO**® is the registered trade mark of Sumitomo Chemical Company, Tokyo, Japan.

**DiPel**® **DF** is the registered trademark of Valent Biosciences, Libertyville, USA.

**VILLA 51**® is the registered trade mark of Villa Crop Protection (Pty) Limited.

## WAARSKUWINGS:

### GHS Gevaarverklarings:

Mag dodelik wees indien ingesluk en in lugweg beland (aspirasiegevaar).

Mag allergiese velreaksie veroorsaak.

Veroorsaak oogirritasie.

Mag slaperigheid of duiseligheid veroorsaak.

Baie giftig vir waterlewende organismes met langdurige gevolge

Hanteer versigtig.

Hou buite bereik van kinders, diere en oningeligte persone.

Bêre in 'n koel plek, weg van voedsel en voer.

## LAAT DIE VOLGENDE MINIMUM AANTAL DAE TOE TUSSEN DIE LAASTE TOEDIENING EN OES:

Aartappels	14 dae
Tamaties	3 dae
Koolgewasse (Kopkool, Brokkoli, Blomkool & Brusselse spruite)	7 dae
Blaarslaai	3 dae
Mielies(groen mielies, insluitend suikermielies)	10 dae
Mielies (graan)	42 dae

Moet nie behandelde plantmateriaal beweï of as over gebruik nie.

**Re-entry interval:** Moenie behandelde gebied betree alvorens die spuitneerslag droog is nie, tensy beskermende oorklere gedra word.

## VRYPWARING:

Alhoewel hierdie middel omvattend onder 'n groot verskeidenheid toestande getoets is waarborg die registrasiehouer nie dat dit onder alle toestande doeltreffend sal wees nie aangesien die werking en effek daarvan beïnvloed kan word deur faktore soos abnormale klimaats- en bergingstoestande; kwaliteit van verdunningswater, verenigbaarheid met ander stowwe wat nie op die etiket aangedui is nie en die voorkoms van weerstand van die insek teen die betrokke middel sowel as die metode, tyd en akkuraatheid van toediening. Verder aanvaar die registrasiehouer nie verantwoordelikheid vir skade aan gewasse, plantegroei, die omgewing of vir nadelige effek op mens of dier of vir 'n gebrek aan prestasie van die betrokke middel as gevolg van die versuim van die gebruiker om etiketaanwysings na te kom of as gevolg van die ontstaan van toestande wat nie kragtens die registrasie voorsien kon word nie. Raadpleeg die verskaffer of registrasiehouer in die geval van enige onsekerheid.

## VOORSORGMAATREËLS:

### GHS Voorsorgmaatreëls:

#### Voorkomend

Vermy inaseming van walm, stuïfseel, dampe of spuitstof.

Gebruik slegs buitenshuis of in 'n goed geventileerde area.

Besoedelde werksklere moet nie buite die werksplek toegelaat word nie.

Vermy vrystelling in die omgewing.

Dra beskermende handskoene, beskermende klere, oogbeskerming en gesigbeskerming.

Was hande en gesig deeglik na hantering. Moet nie aan oë raak nie.

#### Reaksie

Verkry mediese hulp indien jy ongesteld voel en/of 'n velirritasie of 'n uitslag ontstaan.

Moet NIE vomering induseer nie.

Maak stortseel bymekaar.

INDIEN INGESLUK: Kry onmiddellik mediese noodhulp.

INDIEN OP VEL: Was met baie water af in 'n veiligheidsstort.

INDIEN INGEASEM: Neem slagoffer na vars lug en hou gemaklik vir asemhaling.

INDIEN BLOOTGESTEL OF BEKOMMERD: Kry mediese advies/aandag.

INDIEN IN OË: Spoel versigtig met water vir etlike minute. Verwyder kontaklense, indien aanwesig en maklik om te verwyder. Hou aan met spoel.

#### Bergingvoorsorg

Berg agter slot en grendel in 'n goed geventileerde plek. Hou houer dig toe.

#### Ontslaeraak (wegdoen)

Raak ontslae van inhoud/houer deur gebruik te maak van 'n goedgekeurde afvalverwyderingsfasiliteit, in ooreenstemming met nasionale regulasies.

Moet nie eet, drink of rook tydens vermenging en toediening of voordat hande en gesig gewas is nie.

Voorkom wegdrywing van spuitnewel na ander gewasse, weiding, riviere, damme en areas nie onder behandeling nie.

Verhoed besoedeling van voedsel, voer, drinkwater en eetgerei asook waterbronne, damme en riviere.

Maak spuitapparaat skoon na gebruik en raak van uitspoelwater ontslae op 'n veilige plek.

Keer leë houer om oor die spuittenk, of mengbak en dreineer vir minstens 30 sekondes nadat die vloei afgeneem het tot 'n gedrup. Spoel die houer daarna driekeer uit met 'n volume skoon water gelykstaande aan 'n minimum van 10% van die houer. Gooi die spoelwater by die inhoud van die spuittenk, voordat die houer op die voorgeskrewe wyse vernietig word.

**RELEVANTE BESTANDELE:**

<b>Gevaarlike komponent</b>	<b>CAS Nommer</b>	<b>Massa %</b>	<b>GHS Klassifikasie</b>
Pyridaliel	179101-81-6	48%	Sensitiserings, Vel, Kategorie 1 STOT, Herhaalde blootstelling, Kategorie 2 Gevaarlik vir die Wateromgewing, Akute, Kategorie 1. Gevaarlik vir die Wateromgewing, Chronies, Kategorie 1.
Kalsium-dodekielbenseen-sulfonaat	26264-06-2	<10%	Akute Giftigheid, Mondelings, Kategorie 4 Velinvreting/-irritasie, Kategorie 2. Ernstige Oogskade/-irritasie, Kategorie 1 Gevaarlik vir die Wateromgewing, Chronies, Kategorie 4
2-Etielheksan-1-ol	104-76-7	<10%	Akute Giftigheid, Inaseming, Kategorie 4 Velinvreting/-irritasie, Kategorie 2. Ernstige Oogskade/-irritasie, Kategorie 2 STOT, Eenmalige Blootstelling, Kategorie 3, Asemhalingskanaal.
Koolwaterstowwe, C10, aromatiese stowwe, <1% naftaleen	None allocated	30 – 60%	STOT, Eenmalige Blootstelling, Kategorie 3, Sentrale senuweestelsel. Inasemingsgevaar, Kategorie 1. Gevaarlik vir die Wateromgewing, Chronies, Kategorie 2.

**LET WEL:** Die ander bestanddele wat nie hierbo ingesluit is nie, veroorsaak of dra nie by tot die korrekte GHS-klassifikasie van **SUMIPLEO** nie en is dus in terme van die Suid-Afrikaanse Regulasie vir Gevaarlike Chemiese Middels - 2021; Regulasie 14(b), nie gelys nie.

**NOODHULP:****Algemene advies**

Verwyder besoedelde klere onmiddellik en verwyder die geaffekteerde persoon uit die besoedelde area. Hou die persoon warm, kalm en bedek. Noodhulppersoneel moet aandag gee aan hulle eie veiligheid. In die geval van 'n ongeluk of as jy siek voel, verkry mediese advies. Voorsien die SDS en die etiket aan mediese personeel vir behandeling.

**Oogkontak**

Spoel oë onmiddellik en saggens uit met water deur oë met lopende water uit te spoel vir etlike minute (ten minste 15 minute), terwyl die ooglede uitmekaar gehou word. Indien tersaaklik - verwyder kontaklense indien dit maklik is om dit te doen. Gaan voort om te spoel. Verkry mediese hulp indien irritasie voorkom en voortduur.

**Velkontak**

Verwyder alle besoedelde klere. Spoel die vel vir 15 tot 20 minute met koue water af in 'n veiligheidsstort. Moenie die vel hard vryf nie. Kontak 'n gifbeheersentrum of 'n mediese praktisyn indien irritasie voorkom en voortduur. Was besoedelde klere voor hergebruik.

**Inaseming**

Verwyder die geaffekteerde slagoffer onmiddellik van blootstelling na 'n area met vars lug. Laat gekwalifiseerde personeel suurstof toedien, indien asemhaling moeilik is. Dien kunsmatige asemhaling toe, indien asemhaling gestop het. Moetnie mond-tot-mond-asemhaling toedien wanneer die slagoffer die produk ingeneem of ingeasem het nie; dien kunsmatige asemhaling toe deur gebruik te maak van 'n sakmasker toegerus met 'n eenrigtingklep of ander toepaslike respiratoriese mediese toestel. Indien die pasiënt nie bewusteloos is nie, spoel neus, mond en keel uit met water.

**Inname**

Indien ingesuluk, verkry mediese hulp en wys die etiket of SDS aan mediese praktisyn. Indien by bewysyn, spoel mond uit met water. Moet nooit iets per mond aan 'n bewustelose persoon of 'n persoon wat stuiptrekkings toon, gee nie. Moet nie braking veroorsaak nie. Indien braking voorkom, hou kop laag sodat maaginhoud nie in die longe kom nie. Behandel simptome en ondersteunend. Kontak 'n gifinligtingsentrum of 'n mediese praktisyn vir advies.

**Mediese advies**

Geen spesifieke teenmiddel nie. Behandel simptome en ondersteunend.

**WEERSTANDS WAARSKUWING STELLING:**

**SUMIPLEO** is 'n groeppkode UN insekdoder. Enige populasie van 'n spesifieke insek mag individueel insluit wat 'n natuurlike weerstand teen **SUMIPLEO** of enige ander groeppkode UN insekdoder het. Indien hierdie insekdoders herhaaldelik aangewend word, kan die weerstandbiedende individue uiteindelik die insek populasie oorheers. Hierdie weerstandbiedende insekte sal waarskynlik nie deur **SUMIPLEO** of enige ander groeppkode insekdoder UN beheer word nie.

**Om weerstand teen insekdoders te vertraag:**

- Vermy die eksklusiewe herhaaldelike gebruik van insekdoders met dieselfde groeppkode. Wissel af met, of gebruik tenkmengsels van produkte in verskillende insekdoder groeppcodes.
  - Integreer ook ander beheermaatreëls (chemies, verbouing, biologies) in insekdoder programme.
- Vir spesifieke inligting oor weerstandsbestuur kontak die registrasiehouer van hierdie produk.



**GEBRUIKSAANWYSINGS: GEBRUIK SLEGS SOOS AANGEDUI.** **SUMIPLEO** is redelik stadigwerkend, maar teikeninsekte sal ophou voed 3 – 4 ure na die toediening van **SUMIPLEO**. Aangesien **SUMIPLEO** geen sistemiese aktiwiteite het nie, is goeie spuitbedekking van alle plantoppervlakke noodsaaklik vir effektiewe beheer van die plaë.

Moenie enige bevorderings – of kleefmiddels saam met **SUMIPLEO** toedien nie, aangesien dit die effektiwiteit van **SUMIPLEO** mag benadeel.

**SUMIPLEO as insekdoder in 'n GPB program:**

**SUMIPLEO** pas goed in 'n geïntegreerde plaagbestuursprogram (GPB), aangesien die produk feitlik onskadelik is vir predatore en wespe-parasiete van o.a. blaarmyners, blaaspootjies, myte, witvlieë en lepidoptera.

Onder normale veldtoestande word **SUMIPLEO** feitlik onskadelik vir bye en erdwurms geag.

**Verenigbaarheid:**

**SUMIPLEO** is verenigbaar met DIPEL DF (L6441) en VILLA 51 (L8050) benattingsmiddel. Aangesien **SUMIPLEO** nog nie in alle kombinasies van spuitmengsels bewys is nie, word daar aanbeveel om dit nie saam met ander spuitmengsels in die spuitenk te gebruik nie totdat daar meer ondervinding beskikbaar is. Moet nie met swamdoders, swaar metale soos koper of bemestingsstowee meng nie. Raadpleeg u handelaar vir die jongste inligting oor verenigbaarheid.

**MENGINSTRUKSIES:**

▪ **SKUD HOUER DEEGLIK VOOR GEBRUIK.**

- Half fill the spray tank with clean water. Measure out the required quantity of **SUMIPLEO** and add to the water in the spray tank.
- Maak die spuitenk halfvol met skoon water, meet die benodigde hoeveelheid **SUMIPLEO** af en voeg dit by die water in die spuitenk.
- Vul die tenk verder tot die verlangde volume met water, terwyl geroer word.
- Behou roer-aksie gedurende bespuiting.
- Gebruik al die spuitmengsel wat gemeng is dadelik en moet nie oornag laat staan nie

**DOSIS:**

GEWAS EN PLAAG	DOSIS / ha	METODE EN TYD VAN TOEDIENING
<p><b>AARTAPPELS</b> Aartappelmot larwes (<i>Phthorimeae operculella</i>)</p> <p>Tamatie blaarmyner (<i>Tuta absoluta</i>)</p>	<p>200 mℓ</p>	<p>Dien toe as 'n volle dekbesputing in 500 tot 1000ℓ water sodra die plaag die eerste maal opgemerk word, of as opvolgbesputings as deel van 'n spuitprogram.</p> <p>Om doeltreffende beheer van die plaag te verseker, moet twee tot vier toedienings met 7 – 10 dae tussenposes uitgevoer word. Om die beheer van aartappelmot en tamatie blaarmyner te verbeter behoort die aartappels ten minste 2 maal per groeiseisoen opge-erd te word.</p> <p>'n <b>SUMIPLEO</b> spuitprogram, geteiken teen aartappelmot en tamatie blaarmyner, sal ook 'n vermindering van 50 – 80% in aartappelblaarmyner (<i>Liriomyza huidobrensis</i>) en/of Amerikaanse blaarmyner (<i>Liriomyza trifolii</i>) skade in aartappels tot gevolg hê.</p> <p>As deel van 'n anti-weerstand strategie moet <b>SUMIPLEO</b> in 'n programbesputing met insekdoders met 'n ander werkswyse as die van <b>SUMIPLEO</b> afgewissel word.</p>
<p><b>TAMATIES</b> Afrika bolwurm larwes (<i>Helicoverpa armigera</i>)</p> <p>Tamatie blaarmyner larwes (<i>Tuta absoluta</i>)</p>	<p>250 mℓ</p> <p>250 – 300 mℓ</p>	<p>Dien toe as 'n volle dekbesputing in 500 tot 1500ℓ water sodra die plaag die eerste maal opgemerk word, of as opvolgbesputings as deel van 'n spuitprogram.</p> <p>Om doeltreffende beheer te verseker, moet 2 tot maksimum 4 toedienings, met 7 – 10 dag spuitintervalle toegedien word. Dien ten minste twee opeenvolgende <b>SUMIPLEO</b> bloktoedienings as deel van 'n insekdoder spuitprogram toe. Dien die laer dosis voorkomend en die hoër dosis wanneer die plaag teenwoordig is, toe.</p> <p>'n <b>SUMIPLEO</b> spuitprogram geteiken teen Afrika bolwurm en Tamatie blaarmyner, sal ook tot 'n vermindering van 50 – 85% in Amerikaanse blaarmyner (<i>Liriomyza trifolii</i>) skade en 60 – 90% in Tamatie valslandmeter (<i>Chrysodeixis acuta</i>) tot gevolg hê.</p> <p>Om die kans vir die ontwikkeling van weerstand van Tamatie insekplae te verminder, moet <b>SUMIPLEO</b> toegedien word as deel van 'n spuitprogram, beginnende met ten minste twee opeenvolgende <b>SUMIPLEO</b> toedienings, opgevolg deur ten minste twee opeenvolgende <b>DIPEL DF</b> (L6441) toedienings teen die geregistreerde dosisse aanbeveel. Verwys na die <b>DIPEL DF</b> (L6441) etiket vir meer details.</p> <p>Moet nie meer as vier <b>SUMIPLEO</b> toedienings per groeiseisoen todien nie. Indien meer toedienings nodig is om seisoenlange beheer van insekplae te verkry, moet insekdoders met meganismes van werking wat verskillend is as die van <b>SUMIPLEO</b> of <b>DIPEL DF</b> (L6441), toegedien word.</p>
<p><b>KOOLGEWASSE (KOPKOOL, BROKKOLI, BLOMKOOL &amp; BRUSSELSE SPRUITE)</b></p> <p>Ruitrugmot larwes (<i>Plutella xylostella</i>)</p>	<p>200 mℓ</p>	<p>Dien toe as 'n volle dekbesputing in 500 tot 1000ℓ water sodra die plaag die eerste maal opgemerk word, of as opvolgbesputings as deel van 'n spuitprogram.</p> <p>Om doeltreffende beheer van die plaag te verseker, moet twee tot vier toedienings met 7 – 10 dae tussenposes uitgevoer word.</p> <p>As deel van 'n anti-weerstand strategie moet <b>SUMIPLEO</b> in 'n programbesputing met insekdoders met 'n ander werkswyse as die van <b>SUMIPLEO</b> afgewissel word.</p>

GEWAS EN PLAAG	DOSIS / ha	METODE EN TYD VAN TOEDIENING
<b>BLAARSLAAI</b> Afrika bolwurm ( <i>Helicoverpa armigera</i> )	250 ml + 6 ml /hl VILLA 51   200 ml + 250 g <b>DIPEL DF (L6441)</b> + 6 ml/hl VILLA 51	Dien toe 'n voldekbepuiting in 200 - 500l water voorkomend, of sodra motte in motvalle gevang word, of wanneer eiers of larwes op die plante waargeneem word. Verseker deeglike bedekking van die gewas.  Vir doeltreffende beheer dien 2 tot maksimum 4 toedienings met 7 – 10 dae spuitintervalle toe. Dien ten minste twee opeenvolgende bloktoedienings van <b>SUMIPLEO</b> as deel van 'n insekdoder spuitprogram toe.  Om maontlike weerstandsontwikkeling te verminder, moet <b>SUMIPLEO</b> in 'n tenkmengsel met <b>DIPEL DF (L6441)</b> toegedien word, of alternatiewelik in 'n spuitprogram met ten minste twee opeenvolgende <b>SUMIPLEO</b> bloktoedienings, opgevolg deur ten minste twee opeenvolgende <b>DIPEL DF (L6441)</b> bloktoedienings teen die geregistreerde dosisse aanbeveel. Verwys na die <b>DIPEL DF (L6441)</b> etiket vir meer besonderhede.  Moet nie meer as vier <b>SUMIPLEO</b> toedienings per groeiseisoen todien nie. Indien meer toedienings nodig is om seisoenlange beheer van insekplae te verkry, moet insekdoders met alternatiewe meganismes van werking wat verskillend van <b>SUMIPLEO</b> of <b>DIPEL DF (L6441)</b> is, toegedien word.
<b>MIELIES (insluitend Suikermielies)</b> Herfs – kommandowurm larwes ( <i>Spodoptera frugiperda</i> )	300 ml/ha	Dien <b>SUMIPLEO</b> as 'n voldekbepuiting in minimum van 200 - 300 l water/ha toe. Toediening moet geskied sodra infestasië as eiers of jong larwes (≤ 1 cm ) op plante manifesteer, of wanneer minder as 5 % plante vreetkade wys, of as 'n opvolgbehandeling in 'n spuitprogram.  Volg die beginsel rondom die toedieningsvenster-aanbeveling soos beskryf in die nuutste weergawe van die " <i><b>Integrated Pest Management (IPM) &amp; Insect Resistance Management (IRM) for Fall Armyworm in South Africa</b></i> " dokument, soos deur die Insekdoderweerstandsaaksiekomitee (IRAC) gepubliseer.  <b>Om optimale beheer te verkry, herhaal die SUMIPLEO behandeling teen die herfs-kommandowurm binne 7 - 10 dae na aanvanklike toediening in nie-BT mielies. MOENIE 'n maksimum spuitinterval van 7 dae in SUIKERMIELIES oorskry nie.</b> Onder lae herfs-kommandowurm plaagdruk op BT mielies kan die spuitinterval tussen die twee opeenvolgende <b>SUMIPLEO</b> bespuitings tot 'n maksimum van 14 dae verleng word.  <b>Moet nie meer as twee SUMIPLEO toedienings per groeiseisoen toedien nie.</b> Onder aanhoudende her-infestasië van herfs-kommandowurm, en om potensiële weerstandsontwikkeling teen te werk, word <b>SUMIPLEO</b> in 'n spuitprogram aanbeveel met ander geregistreerde insekdoders wat oor ander meganismes van werking beskik, en effektief teen herfs-kommandowurm is.

**ERKENNING VAN HANDELSMERKE:**
**SUMIPLEO®** is die geregistreerde handelsmerk van Sumitomo Chemical Company, Tokyo, Japan.

**DiPel® DF** is die geregistreerde handelsmerk van Valent Biosciences, Libertyville, USA.

**VILLA 51®** is die geregistreerde handelsmerk van Villa Crop Protection (Pty) Limited.